

4 MAART

**SKRIFGEDEELTE: JAKOBUS 4:1-10
FOKUSGEDEELTE: JAKOBUS 4:2, 3**

Gebed eis nederige selfverloëning

Die daad van gebed is al 'n stuk selfverloëning. Om op my knieë te gaan, om my oë toe te maak en om my hande saam te slaan, sê al dat ek nie self kan nie. Ek loof iemand groter as ek. Ek dank vir iets wat iemand vir my gegee het. Ek het hulp nodig. Ek is skuldig teenoor iemand.

Tog is daar niks vanselfsprekends aan gebed nie. Gebed kan 'n blote selfsugtige daad wees. Dit kan net oor en om myself gaan. God kan in my gebed slegs daar wees ter wille van my. Ek kan God in my gebed vir myself kaap. Ek kan bid net om my selfsugtige begeertes te bevredig.

Sulke gebede word nie verhoor nie, ook nie gebede wat tot God gebid word terwyl ons verhouding met ander mense net om onself draai nie. As rusies en twis en jaloesie en bakleiery deel is van ons verhoudingslewe, kan ons nie verwag dat ons gebede verhoor sal word nie.

God wil jou vir Homself hê. Jou lewe moet op Hom toegespits wees. Ook jou gebede wil Hy vir Hom hê. Daarom gee Hy 'n reeks opdragte: Onderwerp jou aan Hom. Staan die duiwel teë. Nader tot Hom. Reinig julleself. Treur oor julle sonde. Onderwerp julle in nederigheid aan Hom.

Ons moet bid – met vrymoedigheid, met selfverloëning en tot God gerig.

Sing: Psalm 138:1, 3 (Totius)

Ds Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)